

Taalpluralisering in die Era van Trump en Brexit: 'n Uitnodiging na die Komende 4S-konferensie (en daarna)

Die Society for Social Studies of Science – kortweg die 4S – nooi aanbieders by die 2017-konferensie in Boston om **referate in ander tale buiten Engels** te lewer. Die 4S sien raak dat xenofobie en nasionalisme op talle plekke aan die toeneem is. Hoewel Engels wêreldwyd 'n gewilde *lingua franca* in kommunikasiemedia en netwerkvorming geraak het, is dit die amptelike taal van slegs 'n handjie vol lande, waaronder die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk die vernaamstes is. Die huidige beleid van hierdie twee lande stuur 'n boodskap van afsluiting en bekrompenheid aan die wêreld uit, en bedreig eksplisiet die ryk verskeidenheid onder mense en die belangrikheid daarvan. Die oogmerk van hierdie inisiatief is om 'n teenwig te skep deur Engels uit die sentrale posisie as *de facto*-taal van die 4S- en ander internasionale konferensies te verskuif. As ons dit wil duidelik maak dat die wêreld onherleibaar pluralisties is, moet ons taalkundige pluralisme verwelkom en aanmoedig.

Hoewel hierdie uitnodiging in die besonder gerig is aan persone wie se eerste taal nie Engels is nie, kan selfs eentalige Engelssprekendes hulle volledige referaat of gedeeltes daarvan deur 'n ander spreker in 'n ander taal laat skryf of 'n oudio-opname daarvan laat maak. Linguistiese pluralisme kan op talle maniere uitgedruk word, en ons moedig mense aan om dit skeppend te benader. Om te verseker dat elke referaat ten volle verstaanbaar is, vra ons dat aanbieders 'n Engelse vertaling verskaf wat in verskeie formate versprei kan word: die volledige referaat, 'n samevatting, skyfies wat die lesing vergesel of ander nuut bedinkte maniere.

Die eerste geleentheid sal vanselfsprekend deurentyd 'n gesamentlike eksperiment wees, waartydens ons verskillende maniere gaan beproef waarop aanbieders hulle idees kan uitdruk in die taal waarmee hulle die gemaklikste voel en terselfdertyd daardie idees vir Engelssprekende deelnemers toeganklik kan maak.